

'N TAALKUNDIGE KYK NA GLOSSARIUMS IN LITERÊRE VERTAALPRODUKTE

Prof Ilse Feinauer

April 2015

'N TAALKUNDIGE KYK NA GLOSSARIUMS IN LITERÊRE VERTAALPRODUKTE

Intreerede gelewer op 30 April 2015

Prof Ilse Feinauer
Departement Afrikaans en Nederlands
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Universiteit Stellenbosch

Redakteur: Eduan Naudé
Drukwerk: SUN MeDIA
ISBN: 978-0-7972-1550-4
Kopiereg © 2015 | Feinauer



BEKENDSTELLING

Anna Elizabeth (Ilse) Feinauer is in 1959 in die Paarl gebore, maar groei in Bellville op en matriculeer in 1976 aan die Hoërskool Bellville. Sy begin in 1977 aan die Universiteit van Stellenbosch studeer waar sy die volgende grade behaal: BA (1979); BA Hons (cum laude, 1980); MA (cum laude, 1981); en DLitt (1987). Sy word in 1982 as deeltydse lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel en doseer ook in die Departement Linguistiek aan die Universiteit van Wes-Kaapland. In 1984 word sy vas aangestel as lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en in 1999 bevorder tot senior lektor. In 2003 word sy tot medeprofessor bevorder. Sy word in 2014 aangestel as ereprofessor aan die Taiyuan University of Technology in China. In die tydperk 2005 tot 2008 tree sy op as departementele voorsitter en word in 2015 aangewys as Visedekaan: Tale in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Sedert 1996 neem sy die nagraadse vertaalprogramme in die Departement Afrikaans en Nederlands oor, wat op daardie stadium slegs uit 'n Nagraadse Diploma met Afrikaans en Engels bestaan het. Tans is daar naas die Diploma, ook 'n Honneurs, MA en PhD in Vertaling waar 'n hele reeks tale aangebied kan word. Prof Feinauer dien op die redaksieraad van *Translation Studies Bibliography* asook *Lexikos*, 'n internasionale leksikografietydskrif, en is lid van verskeie taal- en vertaalvakverenigings.

Tot dusver was sy die mederedakteur of mede-outeur van twee boeke en twee vaktydskrifte, en het 33 navorsingsartikels gepubliseer. Sy was die (mede-)studieleier van agt doktorale studente en 48 magisterstudente. Sy begelei tans ses PhD-studente. Haar navorsing fokus deesdae op die benutting van insigte vanuit die Afrikaanse taalkunde vir die beskrywing van vertaalprosesse en die produksie van vertalings.

'N TAALKUNDIGE KYK NA GLOSSARIUMS IN LITERÊRE VERTAALPRODUKTE

INLEIDING

Die meer strukturele onderbou van die taalkunde te kombineer met die moderner bewegings in die vertaalteorie. Die taalkunde skakel ook nie noodwendig altyd naatloos met die vertaalteorie nie omdat 'n baie groot deel van die vertaalteorie deesdae literêre teorieë insluit. Nog 'n rede is dat daar 'n beweging weg van bronteksgeoriënteerde na doelteksgeoriënteerde vertaalteoretiese modelle was. Laasgenoemde tipe modelle het meestal 'n skerper fokus op die ontvangs van die vertaalde teks in die doelkultuur en die rede waarom die teks hoegenaamd vertaal is; die navorsing is met ander woorde sterker ideologie-krities van aard. Daarteenoor was die bronteksgeoriënteerde modelle veel meer gemoeid met die wyse waarop die teks vertaal is, byvoorbeeld tot watter mate wyk die doelteks van die bronteks af en hoe verskil die doeltaal van die brontaal. Ek wil nie een van hierdie benaderings gebruik nie, maar eerder kyk of die meer strukturele taalkundige benadering wel 'n bydrae kan lewer tot die vertaalpraktiek en vertaalteorie. Sodoende kan ek al drie velde betrek waarin ek navorsing doen en wat ek onderrig.

Een aspek binne die vertaalteorie wat my deesdae veral interesseer, is probleme wat binne die veld ontstaan as gevolg van inkonsekwente, onduidelike en ongedefinieerde terminologie. Miskien het die feit dat vertaling eeue lank as praktiese veld bestaan het voordat dit baie meer onlangs (sedert die jare 1960) in 'n onafhanklike vakkundige dissipline geformaliseer is, gelei tot hierdie minder koherente, minder eenvormige en vae (*fuzzy*) gebruik van terminologie.

Hierdie terminologiese verwarring dateer van Holmes se 1972-artikel *The Name and Nature of Translation Studies* (wat weliswaar eers in 1988 gepubliseer is), waarin hy die veld van die vertaalteorie karteer, en sodoende nadink oor die metataal wat hier gebruik word. Daar is heelwat oor die term *Translation Studies* gedebatteer voordat dit uiteindelik aanvaar is. Holmes (1972:191) sluit sy artikel af met:

Translation studies has reached a stage where it is time to examine the subject itself. Let the meta-discussion begin.

Meer onlangse werk waarin hierdie metagesprek of debat voortduur, sluit die volgende in: *The Metalanguage of Translation* (2009), onder redaksie van Yves Gambier en Luc van Doorslaer, Anthony Pym se *Translation Research Terms: A Tentative Glossary for Moments of Perplexity and Dispute* (2011) en Lelanie de Roubaix se *Where Boundaries Blur: André Brink as Writer, Bilingual Writer, Translator and Self-translator* (2012).

Argumente wissel van aannames dat die terminologiese chaos 'n negatiewe impak op die sosiale prestige van vertaalteorie kan hê aangesien *a coherent use of terminology is surely part of the toolkit of the longest established professions* (Marco 2009:77) tot Snell-Hornby (2009:132) wat argumenteer vir 'n

compatible discourse which cultivates an awareness of differences in usage and where terms are clearly defined within the language and the school of thought for which they apply.

Snell-Hornby sowel as Pokorn is teen algehele standaardisering: *[s]cholarly interchange, at least in disciplines outside the natural sciences* (Snell-Hornby 2009:132), en *it is high time we all learn to live with more fuzzy definitions* (Pokorn 2009:135). Wanneer Pym (2011:75) verwys na *ambiguities and vagaries of fairly commonplace nomenclatures* in vertaalteorie, stem sy argument ooreen met dié van Marco. Pym verduidelik sy lys as 'n poging deur navorsers *to make their terms as clear and specific as possible, since the discipline of Translation Studies is currently unable to do that for them.*

Volgens Gambier en Van Doorslaer (2009:2) is antologieë, woordeboeke en ensiklopedieë saamgestel in 'n poging om die problematiese variasies in die gebruik en konseptualisering in sowel die teorie as praktiek van vertaling te standaardiseer. Sodoende is die vertaaldissipline se sigbaarheid verhoog, maar Gambier en Van Doorslaer vra dan tereg of dit ook geld vir die leesbaarheid en verstaanbaarheid van die dissipline. Indien hierdie werke wel help om die metataal konsekwenter en bruikbaarder te maak, sou publikasies soos Gambier en Van Doorslaer se eie *Metalanguage of Translation* (2009), en ander publikasies wat handel oor metataal in vertaalteorie (waarvan sommige hierbo genoem word), nie nodig wees nie.

Vanaand praat ek oor die term *glossarium* soos dit in literêre vertalings gebruik word. In die vertaalteorie word daar bykans geen aandag aan die glossarium gegee nie. Met verwysing na bestaande glossariums, gaan ek die term funksioneel en struktureel uitpak. Ek wil verder 'n saak daarvoor uitmaak dat vertaalstudente onderrig moet word om op 'n metavlak oor glossariums te kan kommunikeer, maar dat hulle ook riglyne moet kry oor hoe om 'n glossarium op te stel ten einde die doeltekslesers die beste tot voordeel te kan strek. Tans tree elke vertaler na goeddunke op by die saamstel van 'n glossarium.

DIE TERM GLOSSARIUM IN VERTAAL-LITERATUUR

Die term *glossarium* is nêrens in enige woordeboek, glossarium of terminologiesels oor vertaalterme te vinde nie. Dit blyk dat dié term meer gereeld voorkom in die metataal van praktiese vertaling as in die metataal van vertaalteorie. 'n Moontlike leke-definisie sou kon lui:

'n Lys woorde met een of ander verduideliking wat deur die vertaler by die doelteks gevoeg word.

Ek het die term *glossarium* in vier of vyf bronne opgesoek wat vertaalterminologie hanteer, naamlik:

Dictionary of Translation Studies (1997) deur Shuttleworth & Cowie – geen inskrywing vir *glossarium* nie;

Translation Terminology (1999) deur Deslisle, Lee-Jahnke & Cormier – geen inskrywing vir *glossarium* nie;

Veeltalige Vertaalterminologie. Multilingual Translation Terminology (2010) deur Beukes & Pienaar – geen inskrywing vir *glossarium* nie;

MonAKO. *Online glossary of translation studies terms*, Universiteit van Helsinki (2014) – geen inskrywing vir *glossarium* nie;

Translation Research Terms: A Tentative Glossary for Moments of Perplexity and Dispute (2011) deur Pym – op p 94 word *glossarium* in die leksikografiese betekenis gebruik as deel van die lemma vir *Translation actions as looking up terms in glossaries*.

Alhoewel twee van bogenoemde bronne die term *glossary* in hulle titel bevat, word die term self nie opgeneem nie, en dit word nie op die manier beskryf waarop dit in praktiese vertaling gebruik word nie – veral nie in literêre vertaling nie. Slegs Pym se lys neem die term *glossary* op, maar met die betekenis van 'n soort woordeboek waarin die vertaler terme kan naslaan wanneer hy/sy vertaal; met ander woorde, die gebruik van *glossarium* hier is om vertaling te fasiliteer. Hierdie woordeboekbetekenis geld ook vir *glossary* in die titel

van sowel Pym as MonAKO se lys.

Daar word ietwat meer aandag gegee aan die term *glossarium* in naslaanwerke oor die vertaalteorie. In Hatim en Munday (2004) moet *glossarium* se betekenis egter steeds van die werkwoord *gloss* afgelei word: *explained, paraphrased or defined* (p 48). Sodra 'n definisie gegee word, tree die leksikografiese betekenis weer eens in werking en word geen verwysing gegee na die gereelde gebruik van glossariums in literêre vertalings nie: *Glossary means term bank, terminology list* (p 324) en *In professional translation, [glossary] refers to online or tailor-made lists of SL technical terms with definitions and their TL CORRESPONDENTS ...* (p 341).

Bajaj, in Munday (2009:193), definieer die term *gloss* “minder tegnies” – soos sy dit stel – d.w.s. soos wat nievakkundiges of vertaalpraktisyns dit sal verduidelik: *descriptive information that is added to a TT to explain an ST item*.

Bastin (2009:4) sien die saamstel van glossariums as 'n verruimende prosedure wat neerkom op die toevoeging tot of eksplisering van bronteksinligting wat óf in die hoofteks, óf in die voorwoord, voetnote of glossarium gevind word. Let daarop dat die glossarium se posisie as 'n gegewe hanteer word, met die voorwoord en voetnote se posisie wat uit die term afgelei kan word.

DIE TEKSTUELE EN EKSTRATEKSTUELE KARAKTER VAN GLOSSARIUMS

Om hierdie pragmatiese en funksionele vaagheid van die term *glossarium* teen te werk, wil ek graag die tekstuele en ekstratekstuele karakter van glossariums probeer identifiseer soos dit in literêre vertaalprodukte aangetref word. Vir ekstratekstuele kenmerke bespreek ek **waarom** iets in 'n glossarium verduidelik word, **wat** verduidelik word en **waar** die glossarium gevind word, terwyl ek vir tekstuele kenmerke glossariums se inhoud ondersoek sowel as die strategieë wat vertalers gebruik wanneer hulle glos; met ander woorde, **hoe** vertalers glossariums saamstel.

WAAROM

Dit klink dalk vreemd om die **waarom** van glossariums van die **wat** daarvan te skei, aangesien die **waarom** direk na die **wat** lei. Die rede waarom glossariums voorkom, kan opgesom word deur 'n uittreksel uit Genette (1997:xviii) se definisie vir paratekste, naamlik *to mediate the book to the reader*. Die bemiddelaar is altyd die vertaler en nie die outeur nie, en die leser is altyd die doelteksleser. Wanneer 'n vertaler besluit

om 'n glossarium te skep, betree hy/sy die teoretiese wêreld van Funkasionalisme, aangesien die vertaler nou as deskundige van bron- sowel as doeltelkultuur optree, en die doeltelksleser deurgaans in gedagte hou ten einde te besluit wat om in die glossarium op te neem. Aangesien die vertaler alleen besluit wat die doeltelksleser moontlik nie verstaan nie, tree hy/sy onafhanklik van die brontelksouteur én die doeltelksleser op. Deur 'n glossarium by te voeg, word die vertaler dus 'n skepper pleks van 'n herskepper, en dít verhoog ook die vertaler se sigbaarheid. Hier is dus die ideale geleentheid vir die vertaler se stem om openlik gehoor te word waar dit by literêre vertaling gewoonlik weggesteek word agter die brontelksouteur se stem. In vertalings is daar altyd twee stemme teenwoordig: dié van die outeur en dié van die vertaler wat vir die outeur instaan. Hier kom die outonome stem van die vertaler deur. Sien verder Hermans (2010:198) en Schiavi (1996:3).

Die rede vir die skep van glossariums in literêre tekste is om doeltelkslesers in staat te stel om so goed moontlik met die brontelksinhoud te identifiseer, en om soveel moontlik van die gebruike, denk- en uitdrukkingswyses van die brontelkskultuur te verstaan (Hatim & Munday 2004:167). Die vertaler behoort die skep van glossariums te beskou as hulp vir die doeltelksleser en nie as essensieel vir die dekodering van die doeltelksboodskap nie. Die bepalende faktor is lesers se sosiale behoeftes, en nie net hulle linguistiese of tekstuele behoeftes nie. Glossariums is ook gerig op 'n suiwer kognitiewe en informatiewe funksie, naamlik die bevrediging van 'n behoefte aan kennis of, soos Toledano Buendía (2013:157) dit stel, *to achieve a perfect understanding of the source text*. Alhoewel glossariums nie vir teksproduksie bedoel is nie, funksioneer dit tog ook kommunikatief of op 'n meer performatiewe wyse in dié sin dat glossariums die leser help met die resepsie van die teks: 'n glossarium kan die leser help om nader aan die bedoelde effek van die brontelks te kom. Volgens Toledano Buendía (2013:157) kan toeligtende aantekeninge (wat glossariums insluit) probeer kompenseer vir inligting wat verlore gaan tydens die teksoordrag vanuit die brontelks se kommunikatiewe situasie na dié van die doeltelks. Doeltelkste met glossariums sal die tipe vertaling verteenwoordig waarna Appiah (1993:427) as *thick translation of thick glossing* verwys:

translation that seeks with its annotations and its accompanying glosses to locate the text in a rich cultural and linguistic context, is eminently worth doing.

Hatim (2007:137) sê dat Appiah se *thick glossing* opvoedkundige waarde het aangesien dit die leser uitnooi om in betekenisvolle gesprek met die bronkultuur te tree. Hatim impliseer sowel die kognitiewe as kommunikatiewe funksie: betekenisvolle gesprek behels dat die leser die bronkultuursituasie moet begryp,

soos wat dit in die doeltelks beskryf word, en dat die leser deur die resepsie/lees van die doeltelks, naastenby dieselfde ervaar as wat die brontelksleser ervaar het.

Die volgende aanhaling uit Paloposki (2010:90) verskaf 'n goeie brug tussen die **waarom** en die **wat** van die glossarium:

The contents of [glossaries] provide information on what the translators chose to spell out. They do not reveal what the audience knew or did not know; rather, they tell us what the translators believed their audience did not know but they considered important for them to know. [Glossaries] thus provide a window on translators' perceptions of their audience, and on their views of their own task and role. [Glossaries] illuminate translators' (potentially subconscious) ideas about their work as providers of informative accounts or ideological lessons, explanations or forays into side-issues.

(Ek het die term *footnotes* van die oorspronklike teks hier deurgaans met die term *glossaries* vervang.)

WAT

Volgens Roby (1999:96) besluit die vertaler onafhanklik van die doeltelksleser wat hy/sy as gebrekkig in hierdie leser se kennis beskou.

'n Mens kan selfs beweer die vertaler besluit instinktief watter woorde die leser heel waarskynlik nie sal ken nie, watter betekenis nie uit die konteks afgelei kan word nie, en watter leksikale items essensieel is vir die verstaan van die teks of daardie spesifieke deel van die teks. Dit het tot gevolg dat leksikale items nie sistematies in die glossarium opgeneem word nie omdat die keuse hoofsaaklik op die vertaler se mening berus. Dit kan dalk die moeite loon om potensiële doeltelkslesers vooraf te gebruik om leksikale items vir opname in die glossarium te identifiseer, naamlik items wat hulle nie verstaan nie, en wat belangrik genoeg is om dekodering van die doeltelks te belemmer. Die vertaler moet ook deurentyd die verstek-doeltelksleser se voorveronderstelde kennis in ag neem. Dit is nogal baie gevra van 'n vertaler uit 'n kleiner taal soos Afrikaans in 'n wêreldtaal soos Engels in Suid-Afrika waar Engels 'n amptelike taal, sowel as die lingua franca is. Hou die vertaler die plaaslike leser in gedagte, of sien hy/sy om na die internasionale Engelse mark, wat ook heel divers kan wees?

Die inhoud van glossariums het meer te doen met algemene kennis as met taalgebruik, en meer met pragmatiek as met taalkunde. Hierdie kennis is kultureel en/of pragmaties, en gewoonlik ensiklopedies van aard. Weens andersoortigheid, of selfs konflik, tussen die kommunikatiewe omstandighede van die brontelks en doeltelks kan die oordrag van hierdie kennis lei tot 'n verlies aan betekenis Komponente uit die brontelks of verlies aan begrip by die doeltelksleser. Hierdie kennis

kan só bronkultuurspesifiek wees dat daar leksikale gapings is tussen die bron- en doeltaal. Die gapings kan óf referensieel óf linguisties van aard wees. Referensieële gapings kan ook kultuur- of omgewingsgapings genoem word, en hulle word deur buitetalige of pragmatiese faktore veroorsaak; hierdie woorde verwys na konsepte buite die doelkultuur se verwysingsveld, byvoorbeeld die Hebreeuse woord *ma'pil* wat na 'n sogenaamde *onwettige immigrant in die tyd van die Britse mandaat* (Dagut 1981:64) verwys. Sodanige leksikale items is die soort wat in literêre werke se glossariums opgeneem moet word omdat dit meestal onveranderd in die doelteks oorgedra word. Indien hierdie terme vertaal word, sal van die inligting oorgedra word, maar gewoonlik word 'n onakkurate of vals boodskap deur die vertaler geskep, byvoorbeeld die vertaling van *sangoma* as *wizard*, of *biltong* as *meat*.

Linguistiese gapings word deur linguistiese faktore veroorsaak; die konsepte is bekend in albei kultuurgroepe maar daar bestaan nie 'n term of woord vir die konsep in die doeltaal nie: Afrikaans het nie 'n woord vir *puppy* of vir die Duitse *Geschwister* nie. Volgens Dagut (1981:65) sal hierdie terme nie in 'n glossarium opgeneem word nie, omdat hulle met behoud van akkurate verwysing wel vertaal kan word. Hierdie terme word egter ook dikwels uit die bronteks oorgedra/geleen om die gevoel van die brontekskultuur te behou, soos wat in 'n literêre vertaling behoort te gebeur. Indien hierdie terme vertaal word, kan dit 'n baie saai doelteks tot gevolg hê, want hierdie terme moet deurgaans beskrywend vertaal word. Ek stem egter saam met Dagut in dié sin dat sulke terme nie noodwendig in glossariums opgeneem hoef te word nie, aangesien dit gewoonlik makliker is om hulle betekenis uit die konteks af te lei as wat met referensieële gapings die geval is.

WAAR

Glossariums word altyd afsonderlik van die hoofteks aangetref sodat dit nie die leesvloei versteur nie. In nieliterêre vertalings kan glossariums nader aan die hoofteks wees in dié sin dat hulle op dieselfde bladsy kan wees, byvoorbeeld as voetnote onderaan die bladsy of as opmerking in die kantlyn. In literêre vertalings is glossariums verder van die teks – hoofsaaklik aan die einde van die teks; in sommige gevalle word dit ook aan die begin van die boek gevind. Aangesien glossariums van die hoofteks geskei is, kan lesers kies om dit te ignoreer indien hulle verkies om hulle eie pad deur die teks te baan, en om begripsprobleme op ander maniere op te los, byvoorbeeld deur die konteks. Lesers kan ook kies om dele van die teks wat hulle nie verstaan nie, te ignoreer indien hulle voel dat dit nie hulle begrip van die storielyn sal belemmer nie. Soos Toledano Buendía (2013:154) skryf: *TT readers always have the option of not*

using the glossary. Sommige doeltekstlesers het moontlik meer kennis van die brontaal, kulturele en/of pragmatiese kwessies, en hulle gebruik dalk nooit die glossarium nie.

Aangesien 'n glossarium aanvullend tot die doelteks is, behoort dit aan wat Genette (1997) *parateks* noem – 'n term wat gebruik word om materiaal te beskryf wat aanvullend tot 'n teks is en daarop kommentaar lewer, dit evalueer of andersins omraam. Genette (1997:5) subkategoriseer parateks deur die plasing daarvan ten opsigte van die hoofteks as: *periteks* (wat saam met die teks voorkom, byvoorbeeld die voorwoord, vertalersvoorwoord, inhoudsopgawe, erkennings, glossarium, indeks) en *epiteks* (wat elders verskyn, byvoorbeeld publiseitsmateriaal, resensies, kritiese studies). Ek verwys na die epiteks as *metateks*.

In *Paratexts: Thresholds of Interpretation* beklemtoon Genette (1997:1) dat 'n teks selde alleenstaande aangebied word en nie aangevul word deur onder andere die outeur se naam, 'n titel, 'n voorwoord, of illustrasies nie. Die voorvoegsel *para-* word deur Miller in Genette (1997:1) beskryf as:

'para' is a double antithetical prefix signifying at once proximity and distance, similarity and difference, interiority and exteriority, [...] something simultaneously this side of a boundary line, threshold, or margin, and also beyond it [...] A thing in 'para', moreover, is not only on both sides of the boundary line between inside and out. It is also the boundary itself, the screen which is a permeable membrane connecting inside and outside.

Toledano Buendía (2013:149) verduidelik dat hierdie *ongedefinieerde sone* van paratekstuele elemente wat Genette beskryf sowel binne as buite die teks is: die plasing daarvan is dus ambivalent. Volgens haar is dit weens hierdie ambivalensie dat dit so moeilik is om parateks se tekstuele en ekstratekstuele aard te bepaal, en dit as 'n geïntegreerde deel van die teks te sien. Met glossariums is dit nog meer die geval aangesien – soos reeds gesê – lesers kan kies om die glossarium te ignoreer en steeds die teks lees sonder om te voel dat hulle te veel gemis het. Ander soorte parateks word gesien as die drumpel tot die teks, of dat dit boeke vir die leser ontsluit, byvoorbeeld buiteblaaie, flaptekste, titelblaaie, voorwoorde, illustrasies. Hierdie elemente word nie so maklik soos die glossarium geïgnoreer nie. Allen (2011:14) beklemtoon dat die parateks lesers help om te bepaal watter soort teks hulle lees, en gevolglik die manier waarop die leesproses benader kan word. Paratekstuele elemente kan ook 'n teks se posisionering in 'n genre aantoon, byvoorbeeld deur die gebruik van 'n ondergeskikte titel soos 'n *Roman* of 'n *Vertaling*. Die

parateks kan dus die teks se resepsie in 'n bepaalde rigting stuur.

Volgens Frank (2007:75) word daar oor die algemeen minder aandag gegee aan 'n vertaalprodukt se eksterne kenmerke (lees as *parateks*) ten spyte daarvan dat hierdie kenmerke optree as *instruments of cultural translation* nog voordat die doelttekslesers toegang tot die vertaalde teks verkry het. Miskien is een van die redes hiervoor dat dit voorkom asof paratekstuele elemente in vertaalde tekste selfs nog méér in 'n *ongedefinieerde sone* geleë is. Parateks in vertaalde tekste is selfs meer liminaal as parateks in oorspronklike tekste: Toledano Buendía (2013:156) beklemtoon dat parateks gedefinieer word deur die verhouding tot die teks waarin dit voorkom. Vertaalde literêre produkte het gewoonlik 'n sterk verhouding met die bronteks, maar soos Toledano Buendía sê: in vertaalde produkte word glossariums nie as parateks gedefinieer in verhouding tot die bronteks nie, maar slegs in verhouding tot die doeltteks. Die leksikale elemente wat uitgesoek word om te glos, is gewoonlik elemente wat direk vanaf die bronteks oorgedra word; die glossarium is dus gevolglik steeds aan die bronteks gekoppel. (Sien later ook waar ek na die *adres* van die geglosde items verwys.)

Genette (1997:5) noem glossariums in vertaalde tekste *oorspronklike parateks* aangesien dit saam met die doeltteks verskyn. By *abbavertalings (relay translations)* verander die situasie, en glossariums van die tussenteks wat as bronteks vir 'n nuwe doeltteks optree, kan as *vorige of vroeëre parateks* vertaal word. Abbavertalers laat vorige paratekste selde onveranderd: dit word gewoonlik vir die nuwe doeltteks aangepas deur óf meer items by die tussenteks se glossarium te voeg, óf items te verwyder. Die abbavertaler het hier dus kennis van drie kulturele kontekste nodig: die oorspronklike bronkultuur, die tussenkultuur, sowel as die doelkultuur.

Vergelyk die volgende glossariums geneem uit Steyn (2013), wat die verskil in kulturele oordrag tussen direkte en abbavertalings (uit die Engelse vertaling) van die Afrikaanse romanskrywer Etienne van Heerden in Frans ondersoek het. Die Afrikaanse roman *Toorberg* (Van Heerden 1986) is in Engels vertaal met die titel *Ancestral Voices* (Van Heerden 1989). 'n Glossarium met 27 inskrywings word voor in die Engelse teks gevind. Hierdie terme is alfabeties gerangskik en die glossarium bestaan uit konsepte wat 'n tipies Afrikaanse en/of Suid-Afrikaanse gevoel oordra.

Glossarium 1: Ancestral Voices

Antjie Somers	traditional bogeyman character, in folk lore often represented as a man wearing women's clothes; a child-taker, who moves rapidly through space and time
bakkies	light utility vehicles with enclosed cab and open loading platforms with low sides and back
bokkoms	dried fish, often bloaters (sometimes spelled 'bokkems')
Casspir	armoured troop-carrying vehicle, standing high above the ground, used by police and army units in the townships
dagga	cannabis, marijuana
dassie	hyrax, also sometimes called 'rock rabbit'
dolosse	small bones of sheep and goats used as primitive children's toys
donga	ditch, gully, pejorative reference to 'the gutter'
Familie	Family, dynasty
impi	a group of black warriors
kraals	stock pens, often constructed with dry stone walls
koeksisters	plaited pastry deep fried and drenched in syrup
meerkat	Mongoose
meidjie	(derog.) little maid; referring to young 'coloured' girls, especially domestic servants. Diminutive of English maid.
Meisie	a young girl; here used as a name
melktert	A custard tart, dusted with cinnamon and nutmeg
Moordenaars Karoo	(lit.) The Murderer's Karoo, Killer Karoo
morgen	an area of land roughly equivalent to a hectare
OuMurasie	Old Ruins
Paradysberg	Mount Paradise; (lit.) Paradise Mountain
Skaamfamilie	Family of Shame, Family of Guilt, The Tainted Family
staffriding	passengers clinging to the outside of railway carriages

Stiefveld	Step Land, Grudgelands
tokoloshe	powerful, usually malevolent spirit being, often manifested in the form of a tiny, wizened old man
toor	to cast (a) spell(s) (on), to enchant, to practice sorcery, to make magic, to bewitch. Used of both good and evil
velskoens	shoes made of rawhide
zol	a hand-rolled cigarette often containing dagga

Die Franse vertaling *Le Domaine de Toorberg* (Van Heerden 1990) is 'n abavertaling met die Engelse *Ancestral Voices* as tussenteks. Die Franse weergawe het dieselfde glossarium agter in die boek en volgens Steyn (2013:217) is die Franse verduidelikings grotendeels getroue vertalings van die Engelse verduidelikings. Daar is egter nege bykomende Afrikaanse leksikale items

by die Franse glossarium gevoeg, wat laasgenoemde vollediger maak. Dit toon dat die abavertaler wel oor haar doeltekslesers nagedink het, en dat sy nie bloot die vorige parateks oorgeneem het nie. Hierdie bykomende terme (gekursiveer hier onder) sou deur die Suid-Afrikaanse Engelse leser verstaan word, maar nie deur die internasionale Engelse leser nie, en hulle kon net sowel ook in die Engelse glossarium opgeneem word.

Glossarium 2: *Le Domaine de Toorberg*

Antjie Somers	père Fouettard traditionnel, souvent représenté dans le folklore comme un homme habillé en femme, un voleur d'enfants, qui se déplace rapidement dans l'espace et le temps.
bakkies	légers véhicules avec une cabine fermée et une plate-forme à rebords bas.
bokkoms	poissons séchés, souvent des harengs (s'écrit parfois <i>bokkems</i>).
Casspir	transport de troupes blindé, haut sur roues, utilisé par les unités militaires et la police dans les townships.
dagga	cannabis, marijuana.
dassie	daman des rochers, parfois appelé « lapin des rochers ».
dolosse	petits os de moutons et de chèvres utilisés comme jouets par les enfants.
donga	fossé, caniveau, référence péjorative au « ruisseau ».
familie	famille, dynastie.
Impis	groupe de guerriers noirs.
kaross	peau de bête.
klipspringer	antilope qui vit sur les rochers.
koeksisters	pâtisserie tressée frite et baignant dans un sirop.
koppie	petite colline ronde.
korhaan	gros oiseau.
kraal	enclos de bétail, souvent construit en murs de pierres sèches.
landroost	autorité coloniale qui gère le cadastre.
meerkat	Mangouste.
meidjie	référence aux jeunes filles « de couleur », en particulier aux domestiques. Diminutif de l'anglais <i>maid</i> .
Meisie	jeune fille ; utilisé ici comme prénom.
melktert	tarte à la crème, saupoudrée de cannelle et de noix de muscade.
Moordenaars Karoo	l'assassin de Karoo.
morgen	surface équivalent à un hectare.
OuMurasie	vieilles ruines.
Paradysberg	le mont Paradis.
riempie	lanières en cuir tanné.
Skaamfamilie	la famille de la honte, la famille coupable, impure.
staffriding	passagers s'accrochant à l'extérieur des wagons de chemin de fer.
Stiefveld	demi-terre, terre du dépit.

<i>stinkwood</i>	<i>bois local.</i>
<i>stoep</i>	<i>vérande.</i>
tokoloshe	esprit puissant, habituellement malveillant, se manifestant souvent sous la forme d'un vieil homme desséché.
toor	Jeter un charme à, enchanter, pratiquer la sorcellerie, faire de la magie, ensorceler. Dans le bon et le mauvais sens.
<i>veld-kornet</i>	<i>garde champêtre.</i>
velskoens	chaussures de cuir vert.
zol	cigarette roulée à la main contenant souvent du dagga.

TEKSTUELE ASPEKTE

Ek wil nou graag aanbewees na die laaste deel van hierdie bespreking en fokus op die manier waarop glossariums aangebied word. Ek het die glossariums van ses vertalings bekyk: drie uit Afrikaanse tekste deur verskillende outeurs in Engels vertaal deur een vertaler. Die ander drie vertaalde tekste is almal uit brontekste deur een Afrikaanse skrywer: een is in Engels vertaal en twee in Frans. Hier was drie verskillende vertalers betrokke en een van die Franse vertalings is 'n abbavertaling van 'n Engelse tussenteks. Hierdie Engelse vertaling is een van die drie vertalings wat ook ondersoek is.

Glossariums as parateks behoort spesifiek tot die praktyk van hoofsaaklik literêre vertaling, maar dit is waar die spesifiekheid eindig. Daar is nie veel stelselmatigheid of konsekwentheid te vind wat betref die manier waarop verskillende glossariums of selfs een glossarium saamgestel word nie; elke vertaler gaan op sy/haar idiosinkratiese manier te werk. Hoewel 'n vertaler die brontekste redelik konsekwent kan vertaal volgens 'n vooraf beplande benadering of strategie (sien Toury 2012:79 se inisiële norm, byvoorbeeld hoofsaaklik brontekstegeoriënteerd), blyk dieselfde konsekwentheid nie altyd in die glossarium nie. Ongelukkig kom dit soms voor asof vertalers en redigeerders nie die glossarium met dieselfde respek as die teks hanteer nie. Dit kan vertalers in 'n slegte lig stel aangesien soos reeds gesê, die glossarium die plek is waar hulle as primêre agente in die skep van die doelteks optree.

Ek bespreek nou eers die formaat van glossariums, en gaan dan voort met 'n bespreking van die verklarende deel van die glossarium. Hoewel hierdie tipe glossarium nie as 'n woordeboek moet dien nie (beslis nie), toon dit wel sekere ooreenkomste met die inskrywings in 'n woordeboek, en daarom gaan ek by die metaleksikografie terme leen om na die verskillende dele van die glossarium te verwys. Die woord/term wat geglos word, is die *lemma* (inskrywing) of die *definiendum*, en die verklarende deel is die *definiens*.

'n Glossarium is gewoonlik tweetalig of meertalig, alhoewel die adres van die inskrywings die eentalige

doelteks is, met ander woorde die geglosde items hou slegs met hierdie doelteks verband. Die lemma is gewoonlik 'n leksikale item wat onveranderd uit die brontekste in die doelteks oorgedra word, met die definiens in die doeltaal. Sien Glossarium 2: *Le Domaine de Toorberg* hier bo met die lemmas in Afrikaans *meerkat*, uit Afrikaans in Engels genaturaliseer *velskoens* of in Engels *staffriding* en die definiens in Frans. Dit is dus 'n meertalige glossarium. Hoewel terme in glossariums geïsoleerd in alfabetiese volgorde gelys is soos in 'n woordeboek, is hierdie lemmas altyd baie konteksspesifiek, soos wat later met die bespreking van die definiens geïllustreer gaan word. Die vertaler verwys die leser na die glossarium deur strukturele merkers in die doelteks te gebruik om woorde in die glossarium aan te dui: woorde word óf in kursief, óf met 'n asterisk, super- of subskrif gemerk. Dit word gewoonlik net die eerste keer gedoen wanneer die woord in die doelteks gebruik word. Dit kan ook gebeur dat daar meer as een merker gebruik word, byvoorbeeld kursief en 'n asterisk; die ander uiterste is dat geen aanduiding gegee word dat 'n woord in die glossarium verskyn nie. Laasgenoemde gebruik is nie baie leservriendelik nie, en gebeur gewoonlik wanneer 'n glossarium aan die begin van 'n boek verskaf word. Glossarium 1: *Ancestral Voices* is 'n voorbeeld hiervan, en 'n mens wonder of die vertaler verwag dat die leser die glossarium moet memoriseer voordat die boek gelees word.

Sommige inskrywings in 'n glossarium kan ook eentalig wees, byvoorbeeld wanneer 'n Suid-Afrikaanse Engelse woord vir internasionale lesers by die glossarium gevoeg word, of wanneer 'n brontaalwoord nie 'n vertaalekwivalent het nie, maar wel beskrywend vertaal word. Die ontbrekende of andersoortige pragmatiese of kulturele verwysings tussen die twee gemeenskappe word dan in die glossarium aangetoon. Sien hier onder vir voorbeelde van Van Heerden (2005), waar Franse woorde by die glossarium gevoeg is en verduidelik word in 'n vertaling uit Afrikaans in Frans, sowel as Winterbach (2007/2010), waar Suid-Afrikaanse Engelse woorde by die glossarium van 'n vertaling uit Afrikaans in Engels gevoeg is.

Frans (Afrikaans)	Frans
avoué	terme retenu pour traduire <i>Prokureur</i> , charge cumulant en Afrique du Sud le conseil juridique et les fonctions de notaire, mais plaidant également dans des tribunaux de police présidés par un <i>magistraat</i>
cafre	indigène de race noire (de l'arabe <i>kâfir</i> , infidèle); en Afrique du Sud, terme méprisant
cornette (veldkornet)	officier subalterne ; également fonctionnaire chargé du maintien de l'ordre dans les zones rurales
pandour	supplétif khoï, membre d'un corps militaire établi en 1793.
Suid-Afrikaanse Engels	Engels
handsupper	member of the Boer forces who surrendered to the British
Kaffir	Black inhabitant of South Africa (now offensive)
leguaan	a large amphibious monitor lizard

Glossariums kan volgens die soort definiens gekategoriseer word; Widdowson (1978), in Roby (1999:94-95), klassifiseer glosse wat die leser raadpleeg tydens die leesproses as *steunglossariums* (*prompting glossaries*). Hierdie glosse en glossariums verwys eintlik na die leesproses binne die veld van taalverwerwing, maar dit kan net so goed gebruik word vir die glossariums wat in literêre vertalings aangetref word. Widdowson tref 'n verdere onderskeid: *inhoudsglosse* (*signification glosses*) verskaf 'n item se betekenis soos dit buite konteks gedefinieer word, terwyl *waardeglosse* (*value glosses*) die toegepaste betekenis van 'n item binne 'n bepaalde konteks gee. Inhoudsglosse is wesenlik woordeboekdefinisies, en daarom kan daar dalk verdere verwerking van lesers verwag word om hierdie meer generiese definisie in die betrokke teks te laat pas. In die geval van waardeglosse is hierdie verwerking reeds vir hulle gedoen. 'n Mens veronderstel dus dat literêre vertalings steunglossariums bevat wat uit waardeglosse bestaan. In die glossarium van *My Name Is Vaseline* (Von Meck 2009) is *kierie* se definiens *walking stick* terwyl daar in *In Bushveld and Desert: A Game Ranger's Life* (Bakkes 2008) twee definiense gegee word, naamlik *walking stick* en *fighting stick*, aangesien albei betekenisse in die boek se konteks geaktiveer word. In *Un Long Silence* (Van Heerden 2005), word slegs *fighting stick* se betekenis in die definiens bepaal: *massue de combat africaine traditionnelle*.

Hierdie definiense moet hoofsaaklik pragmatiese, kulturele, en historiese beskrywings en verduidelikings bied van leksikale items wat ondeursigtig vir die doelteksleser is. Inligting wat in 'n woordeboek gevind kan word, byvoorbeeld linguïstiese inligting, moet vermy of tot die minimum beperk word. Nóg 'n voorvereiste is dat die definiense nie 'n hoë leksikale digtheid moet hê nie, wat maklik kan gebeur indien die vertaler daarop moet konsentreer om ensiklopediese eerder

as linguïstiese inligting te verskaf. Die leksikale digtheid moet so laag moontlik gehou word, want die definiens moet die lees van die doelteks fasiliteer en nie die primêre leeshandeling onderbreek nie. Met verwysing na paratekstuele vertaleraantekeninge, sê Toledano Buendía (2013:160) die volgende (maar dit is *mutatis mutandis* van toepassing op glossariumartikels): *they should stick to support the reading of text and not interrupt the dialogue between author and reader*. Die vertaler moenie 'n sekondêre of – nog erger – die primêre storieverteller raak nie. Dit impliseer ook dat die vertaler die inligting in die definiens so objektief moontlik weergee, en probeer om nie 'n eie mening te laat deurskemer nie. Die vertaler moet verder geen inligting wat deur die outeur gegee is verder verduidelik nie, of die teks vir die leser interpreteer nie. Vertalers moet nooit hulle lesers se vermoë onderskat om iets obskuurs self uit te pluus nie; hulle is op stuk van sake besig om 'n literêre teks te lees.

Dit beteken nie definiense moet té kripties wees nie, maar lesers behoort van die inhoud in die definiens te kan aflei waarom die spesifieke leksikale item onvertaal in die doelteks oorgedra is. Steyn (2013:227-8) merk op dat die bykomende glossariumitems in die Franse abbavertaling (Van Heerden 1999) te onbeduidend is. Sien die gekursiveerde items in glossarium 2, waaronder *kaross*: *peau de bête* en *korhaan*: *gros oiseau*. Hier verskaf die definiense amper generiese inligting met niks bykomends of geen inligting wat die items as tipies Suid-Afrikaans of Afrikaans identifiseer nie. Vergelyk hierdie inskrywing van *kaross* byvoorbeeld met die glossariuminskrif in die Franse Van Heerden (2005):

peau tannée très douce servant de couverture ou parfois, dans les peuplades aborigènes, de vêtement
en in die Engelse Winterbach (2007/2010):
a blanket of softened skins used as bed or floor covering or cloak

Die bykomende woorde wat die abbavertaler gevoeg het by die bestaande glossariumitems wat sy uit Engels vertaal het, vergelyk ongunstig met die bestaande items, en dit wys op die gebrek aan bronkultuurkennis van die abbavertaler. Die byvoeging sou dalk nie plaasgevind het indien die Engelse vertaler van die tussenteks (Van Heerden 1989) nie lukraak gekies het watter Afrikaanse en Suid-Afrikaanse Engelse woorde om in die glossarium op te neem nie. Steyn (2013:222) vra tereg waarom leksikale items soos *donga*, *bokkoms* en *bakkies* by die

glossarium ingesluit is maar nie byvoorbeeld *biltong*, *lokasie*, *vlei*, *backvelder*, *veldcraft* en *deadveld*, asook die items wat deur die Franse vertaler geglos is nie.

Die name van fauna en flora word gereeld by glossariums ingesluit. Een manier waarop hierdie terme gedefinieer kan word, is deur die wetenskaplike naam saam met 'n fisiese beskrywing van die plant of dier te gee. 'n Doeltekst waar hierdie items wel so in die glossarium opgeneem is, word in die Franse vertaling *Un long silence* (Van Heerden 2005) gevind:

Glossarium 3: Inskrywings uit *Un long silence*

boegoe (buchu)	plante de l'espèce <i>Rutaceae</i> , utilisée en médecine traditionnelle.
kikuyu	herbe très dure (<i>Pennisetum clandestinum</i>)
kriedoring	epineux (<i>Lycium arenifolium</i> , <i>L. prunuspinosa</i>) utilisés en médecine traditionnelle
nieshout (angl. sneezewood)	<i>Ptaeroxylon obliquum</i> , bois d'ébénisterie dont l'odeur lors de la coupe fait éternuer
Stinkhout	bois d'ébénisterie (<i>Ocotea bullata</i>) de la famille du laurier, qui dégage une odeur désagréable à la coupe
swarthout	litt. « bois noir », <i>Acacia melanoxon</i>
meerkat	Suricate (<i>Suricata suricata</i>) : petit mammifère d'Afrique australe voisin de la mangouste (terme d'origine africaine).
springbok	gazelle (<i>Antidorcas marsupialis</i>) spécifique à l'Afrique du Sud (<i>spring</i> , « bondir », <i>bok</i> , « gazelle »)
steenbok	petite antilope (<i>Raphicerus campestris</i>) vivant dans un environnement rocheux (<i>steen</i> , « pierre », <i>bok</i> , « gazelle »)
rooibos ("buisson rouge")	thé rouge, préparé avec les feuilles séchées d' <i>Aspalathus cedarbergensis</i> , boisson traditionnelle en Afrique du Sud ; on lui attribue des propriétés médicinales

Die fisiese beskrywing kan die vorm aanneem van 'n letterlike vertaling van die woord se komponente, soos by *swarthout* en *springbok*, of van omvattende inligting soos by *boegoe*, *kikuyu*, of 'n kombinasie van die twee, soos by *steenbok* en *rooibos*. Dit is 'n redelik konsekwente hantering van die glossariuminskrifings van een boek.

'n Konsekwente hantering is nie altyd die geval nie. Vergelyk die hantering van boomname deur dieselfde vertaler in twee vertalings uit Afrikaans in Engels:

kreupelhout (also kreupelboom)	a dwarfish tree with twisted lower branches (Winterbach 2007/2010)
kriedoring (also kareedoring)	Karee thorn, shrub of the <i>Lyceum</i> genus (Winterbach 2007/2010)
Boekenhout	South African or Cape beech (Bakkes 2008)
Brosdoring	<i>Phaeoptilum spinosum</i> (Bakkes 2008)

Hier word die wetenskaplike naam ook in twee gevalle verskaf – *kriedoring* en *brosdoring* – maar, tensy die leser die terme in ander naslaanwerke of op die internet opsoek, gaan hierdie inskrifings hulle nie veel help nie. Die beste definieërs wat hier gegee word, is die beskrywende definieërs vir *kreupelhout*, waar geen wetenskaplike naam verskaf word nie; vertalers kan dus eerder die wetenskaplike naam uitlaat en die beskrywende inligting behou.

Wat ook opval, is dat dieselfde leksikale term deur dieselfde vertaler in die glossariums van twee boeke

opgeneem word, maar die definieërs verskil, sonder dat dit noodwendig kontekstueel gemotiveer is. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat die vertaler net een agent in die produksieproses van 'n literêre werk is; die glossarium kon in die manuskript stadium aangepas word deur brontekstouteurs, revisors, redigeerders en uitgewers. Uiteraard sal lesers nooit glossariums tussen verskillende boeke vergelyk nie, maar vertalers sou dit moontlik kon oorweeg om 'n korpus te bou van die terme wat hulle glos, sodat hulle dit van daar kan lig, en die definieërs slegs aanpas indien die konteks dit vereis.

Khaki	Boer name for British soldier (Winterbach 2007/2010)
Khaki	British soldier in South African war (Bakkes 2008)
klipspringer	a small mountain antelope (literally rock-leaper) (Winterbach 2007/2010)
Klipspringer	African chamois (Bakkes 2008)

Vir *Khaki* kon 'n kombinasie van die twee definiense dalk die beste opsie wees: *Boer name for British soldier in South African war*. Met hierdie definiens sien die leser albei partye wat aan die betrokke oorlog deelgeneem het, en dat *Khaki* die naam is wat deur een van die partye vir die ander gebruik is. Moontlik kon die etimologie van die woord bygevoeg word, naamlik dat die naam van die Britse uniforms se kleur afgelei is. In die Winterbach-roman kon die vertaler die oorlog se naam as oorbodig beskou het omdat die hele storie ten tye van die Suid-Afrikaanse Oorlog afspeel. In die Bakkes-verhale kon *Boer name for* dalk wel ingesluit word.

By *klipspringer* kom die eerste beskrywende definiens baie gebruikersvriendeliker voor as die tweede een, wat slegs die woordeboekvertaling bied. Hoewel 'n linguïstiese ekwivalent verskaf word, sal die internasionale leser kognitief niks wyser wees nie. Die plaaslike Engelse leser sal die Afrikaanse naam ken en

sal nie die glossarium hoef te gebruik nie. Soos reeds gesê, moet woordeboekdefinisies in glossariums vermy word; ek verskil dus van Lomicka (1998:41), wat sê dat glossariuminskrywings gewoonlik vir “onbekende” woorde gebruik word, met ander woorde, dit kan die leser moontlik help om nie aanhoudend woordeboeke hoef te raadpleeg nie. Tweetalige woordeboeke gee nie die betekenis van leksikale items nie, maar eerder 'n lys moontlike vertaalekwivalente, en indien glossariums uit vertaalekwivalente bestaan, kon die vertaler hulle uit die staanspoor in die doeltteks gebruik. Terloops, die brontaalwoorde wat onveranderd in die doeltteks oorgedra word, behoort juis nie maklik deur 'n vertaalekwivalent vervang te kan word nie. Kyk na die volgende glossarium in 'n spyskaart van die restaurant Fyndraai op die Solms-Delta Wynlandgoed. Terme soos dié hier onder behoort nie in 'n glossarium opgeneem te word nie: dit is nie tradisionele kulinêre terme nie, maar bloot kulinêre terme:

<i>klapper</i>	coconut
<i>koljander</i>	coriander
<i>lemmetjie</i>	lime
<i>pietersielie</i>	parsley
<i>sous</i>	sauce
<i>vinkel</i>	fennel
<i>witwortel</i>	parsnip

Vertaalekwivalente kan in die definiens as aanvullende inligting gebruik word, maar nie as die enigste inligting nie, soos by *Klipspringer* (Bakkes 2008) hier bo. Vertaalekwivalente in die definiens gaan net slaag waar die brontaal- en doeltaalwoord semanties kongruent is, en die doeltaalekwivalent baie bekend is in die doelgemeenskap, byvoorbeeld *dagga* en *marijuana*. Sien Gouws en Prinsloo (2005:152-158) oor semantiese kongruensie en semantiese divergensie. Vloekwoorde – soos ander leksikale items wat hoofsaaklik emosionele waarde, en bitter min semantiese inhoud het, byvoorbeeld

uitroepe – is byna onmoontlik om te vertaal omdat dit baie moeilik is om dieselfde emosie tussen verskillende kulture oor te dra. Hierdie woorde se emosionele waarde en betekenis hang ook oorwegend van die konteks af: hulle kan byvoorbeeld 'n wye reeks emosies tussen positief en negatief oordra. Dít is by uitstek die leksikale items wat 'n mens verwag uit die bronteks oorgedra sal word, en dan in die doeltteks geglos word. 'n Mens sal egter nie verwag dat hierdie definiense uit vertaalekwivalente bestaan nie. Vergelyk die volgende:

moer	hit, punch (Von Meck 2009)
Moer	beat up (Bakkes 2008)
Donner	wallop (Bakkes 2008)
moerse!	great! (Von Meck 2009)
voertsek	clear off, away with you (Von Meck 2009)
Voertsek!	Bugger off! (Bakkes 2008)
Gatvol	extremely fed up (Bakkes 2008)
Goeie bliksem!	Good grief! (Bakkes 2008)

Weer eens is al hierdie leksikale items deur een vertaler in twee doeltekste geglos. Vir die eerste drie definienda wat hier bo gegee word, verskaf die vertaler beskrywings, alhoewel hulle nogal kripties is en daar geen aanduiding is dat kru taal gebruik word nie. Die kontekstuele betekenis van *moer* en *donner* is baie dieselfde, maar verskillende definiense word in dieselfde glossarium gegee. Vir *moerse!* gee die vertaler 'n vertaalekwivalent pleks daarvan om dit te beskryf, byvoorbeeld *expressing a very positive feeling in a crude way*. Vir *voertsek* word twee tipes definiense verskaf: die eerste is meer beskrywend en die tweede is 'n vertaalekwivalent waarvan die taboe en emosionele waarde moontlik as sterker as dié van die brontekswoord ervaar kan word. *Bugger off!* gee ten minste 'n aanduiding

van die kru styl wat in die bronteks gebruik word. Alhoewel *gatvol* behoorlik beskryf word, word die taboe nie aangedui nie. Net soos *voertsek!* word *goeie bliksem!* ook deur 'n vertaalekwivalent verduidelik, maar hierdie keer is die taboe en emosie baie laer as wat in die bronteks uitgedruk word.

Met hierdie bespreking het ek probeer toon dat daar nie veel sisteem of konsekwentheid tussen glossariums, of selfs in dieselfde vertaler se glossarium te vinde is nie; elke vertaler gaan op sy/haar eie idiosinkratiese wyse van geval tot geval te werk. Ek sluit hierdie deel af deur 'n paar inskrywings te gee vir dieselfde leksikale items om te wys dat vertalers nie altyd kyk na wat ander vertalers, of hulle self, voorheen gedoen het wanneer hulle glossariums skep nie.

biltong	boneless meat which is salted and dried in strips (Winterbach 2007/2010)
	steak de bœuf ou d'antilope salée et séchée, nourriture traditionnelle (terme d'origine incertaine, probablement néerlandaise) (Van Heerden 2005)
dagga	marijuana (Winterbach 2007/2010)
	marijuana.pot (Von Meck 2009)
	cannabis, marijuana (Van Heerden 1989)
	<i>Cannabis sativa</i> (mot probablement d'origine khoi: le g se prononce comme la jota espagnole) (Van Heerden 2005)
dassie	a rock rabbit or hyrax (Winterbach 2007/2010)
	Rock rabbit, Cape hyrax (Bakkes 2008)
	hyrax, also sometimes called 'rock rabbit' (Van Heerden 1989)
	hyrax des rochers (<i>Procavia capensis</i>) ressemblant à la marmotte, habitant les montagnes du Cap (Van Heerden 2005)
donga	a dry gully or watercourse that has been eroded by running water (Winterbach 2007/2010)
	ditch, gully, pejorative reference to 'the gutter' (Van Heerden 1989)
	cours érodé d'eau pluviale, normalement à sec (Van Heerden 2005)
Koeksister(s)	pastry made from twisted dough (Von Meck 2009)
	plaited pastry deep fried and drenched in syrup (Van Heerden 1989)
	pâtisserie traditionnelle du Cap, d'origine malaise: pâte tressée frite, trempée brûlante dans un sirop parfumé (Van Heerden 2005)
koppie	a small hill or hillock (Winterbach 2007/2010)
	hill (Von Meck 2009)
	hill (Bakkes 2008)
	petite colline ronde (Van Heerden 1990)
meerkat	a small southern African mammal similar to a mongoose (Winterbach 2007/2010)
	mongoose (Van Heerden 1989)
	Suricate (<i>Suricata suricata</i>) : petit mammifère d'Afrique australe voisin de la mangouste (terme d'origine africaine) (Van Heerden 2005)
sjambok/sambok	a heavy whip made of hide (Winterbach 2007/2010)
	fouet en peau d'hippopotame ou de rhinocéros (Van Heerden 2005)

SLOTWOORD

Angesien parateks in die vorm van 'n glossarium by die meeste literêre vertaalde produkte ingesluit word, behoort studente in vertaling onderrig te word oor die samestelling van 'n glossarium. Die insluit van glossariums by vertaalleerplanne is hoegenaamd nie om voorskriftelik te wees deur studente te leer dat daar net een korrekte manier is om 'n glossarium saam te stel nie. Maar hulle kan geleer word om redelik konsekwent te wees in ten minste die glossarium van dieselfde werk. Vertalers kan ook uit ander vertalers se glossariums leer, en behoort aangemoedig te word om elektronies rekord te hou van hulle eie glossariums vir toekomstige verwysing. Uiteraard moet studente daarop gewys word om nie blindelings uit hulle eie of uit ander vertalers se

glossariums te kopieer nie, maar om die verskillende kontekste en verskillende doeltekslesers deurgaans in ag te neem. Die nuwe doeltekslesers moet veral by abbavertalings in gedagte gehou word, waar vertalers neig om die tussenteks se glossarium redelik direk te kopieer.

Riglyne oor die opstel van 'n glossarium moet onder andere insluit watter tipe woorde onveranderd uit die bronteks oorgedra moet word, en of hierdie woorde almal by 'n glossarium ingesluit moet word. Verder moet daar ook aanbevelings gemaak word oor hoe omvattend die definiens moet wees. Het doeltekslesers byvoorbeeld regtig die uitspraak en etimologie nodig van inskrywings soos by die voorbeelde in Van Heerden (2005) hier onder?

dagga	<i>Cannabis sativa</i> (mot probablement d'origine khoï: le g se prononce comme la jota espagnole)
cafre	indigène de race noire (de l'arabe <i>kâfir</i> , infidèle); en Afrique du Sud, terme méprisant
kraal	enclos à bétail (mot dérivé du portugais <i>curral</i>); village africain, traditionnellement bâti autour de l'enclos
miesies	patronne (dérivé de l'anglais <i>Mrs.</i>), voir <i>baas</i>

Hoe meer inligting verskaf word, hoe meer navorsing word van vertalers vereis, of hoe beter moet hulle kennis van die bronkultuur wees. Indien enige feitelike onjuisthede voorkom, kan die vertaler se kennis oor die bronkultuur en brontaal in twyfel getrek word. Ek verwys na die volgende onakkurate etimologie wat vir *meidjie* gegee word in die Engelse Van Heerden (1989), wat toe na die Franse abbavertaling in Van Heerden (1990) gekopieer is. (Sien ook Steyn 2013:223.)

meidjie	(derog.) little maid; referring to young 'coloured' girls, especially domestic servants. Diminutive of English <i>maid</i>
meidjie	référence aux jeunes filles « de couleur », en particulier aux domestiques. Diminutif de l'anglais <i>maid</i>

Meidjie is nie afgelei van die Engelse *maid* nie, maar kom van die Nederlandse *meid*, wat *meisie* beteken. In Afrikaans is dit 'n neerhalende term wat meestal deur wit mense gebruik word veral vir hulle huishulpe (gewoonlik mense van kleur). Die verkleinvorm *meidjie* word as versagting gebruik. Die foutiewe herkoms van die woord is in die Franse glossarium oorgeneem, maar ongelukkig is die etiket *derog.* (neerhalend) nie ook oorgeneem nie. Hierdie etiket bevat eintlik die belangrikste pragmatiese inligting, en dit moet juis by die glossarium ingesluit word.

Vertalers van literêre tekste neig soms om hulle lesers minder in ag te neem as wat die geval by nieliterêre

vertalings is. Hulle argument is gewoonlik dat hulle hoofsaaklik is om so na moontlik aan die bronteksouteur se woorde, styl en toon te bly. Wat literêre vertalers egter moet onthou, is dat bruikbare glossariums inligting voorsien waarvoor die outeur sou wou hê die doelteksleser moet beskik om die doelteks so goed moontlik te verstaan of minstens net so goed soos die bronteksleser te verstaan. Die outeur sou waarskynlik hierdie inligting ingeskryf het indien hy/sy die moontlike kontekste kon voorsien waar sy/haar werk ontvang word. Met die saamstel van 'n weldeurdragte en goed gekonsipieerde glossarium kan die vertaler dus tereg voel dat hy/sy in die plek van die bronteksouteur optree.

BRONNELYS

- Allen, G. 2011. *Intertextuality*. 2de uitgawe. New York: Routledge.
- Appiah, K. A. 1993. Thick Translation. In: Venuti, L. (red.). 2000. *The Translation Studies Reader*. Londen & New York: Routledge. 417-429.
- Bastin, G. 2009. Adaptation. In: Baker, M. & Saldanha, G. (reds.). 2009. *The Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. New York: Routledge. 3-6.
- Dagut, M. 1981. Semantic 'Voids' As a Problem In The Translation Process. *Poetics Today* 2 (4):61-71.
- De Roubaix, L. 2012. *Where Boundaries Blur: André Brink As Writer, Bilingual Writer, Translator and Self-translator* [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.arts.kuleuven.be/cetra/papers/files/de-roubaix.pdf> [2014, Maart 10].
- Frank, H.T. 2007. *Cultural Encounters in Translated Children's Literature: Images of Australia in French Translation*. Manchester: St. Jerome.
- Gambier, Y. & Van Doorslaer, L. (reds.). 2009. *The Metalanguage of Translation*. Amsterdam/Philadelphia: Benjamins.
- Genette, G. 1997. *Paratexts: Thresholds of Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gouws, R.H. & Prinsloo, D. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: Sun Media.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and Researching Translation*. Londen: Pearson.
- Hatim, B. & Munday, J. 2004. *Translation: An Advanced Resource Book*. Londen & New York: Routledge.
- Hermans, T. 2010. The Translator's Voice in Translated Narrative. In: Baker, M. (red.). *Critical Readings in Translation*. New York: Routledge. 193-212.
- Holmes, J.S. 1972. The Name and Nature of Translation Studies. In: Venuti, L. (red.). 2002. *The Translation Studies Reader*. Londen & New York: Routledge. 180-192.
- Lomicka, L. 1998. "To gloss or not to gloss": An Investigation of Reading Comprehension Online. *Language Learning and Technology*, 1(2):41-50.
- Marco, J. 2009. The Terminology of Translation: Epistemological, Conceptual and Intercultural Problems and Their Social Consequences. In: Gambier, Y. & Van Doorslaer, L. (reds.). 2009. *The Metalanguage of Translation*. Amsterdam/Philadelphia: Benjamins. 65-80.
- MonAKO. *Online Glossary of Translation Studies Terms*, Universiteit van Helsinki [Intyds]. Beskikbaar: http://www.ling.helsinki.fi/monako/atkglossary_ab.shtml. [2014, November 3].
- Munday, J. (red.). 2009. *The Routledge Companion to Translation Studies*. Londen & New York: Routledge.
- Paloposki, O. 2010. The Translator's Footprints. In: T. Kinnunen & K. Koskinen (reds.). *Translators' Agency*. Tampere: Tampere University Press. 86-107.
- Pokorn, N.K. 2009. In Defence of Fuzziness. In: Gambier, Y. & Van Doorslaer, L. (reds.). 2009. *The Metalanguage of Translation*. Amsterdam/Philadelphia: Benjamins. 135-144.
- Pym, A. (red.). 2011. *Translation Research Terms: A Tentative Glossary for Moments of Perplexity and Dispute* [Intyds]. Beskikbaar: http://isg.urv.es/publicity/isg/publications/trp_3_2011/pym.pdf. [2015, Januarie 29].
- Roby, W. 1999. What's In a Gloss? *Language Learning and Technology*, 2(2):94-101.
- Schiavi, G. 1996. There is Always a Teller in a Tale. *Target* 8(1):1-21.
- Snell-Hornby, M. 2009. 'What's In a Name?': On Metalinguistic Confusion In Translation Studies. In: Gambier, Y. & Van Doorslaer, L. (reds.). 2009. *The Metalanguage of Translation*. Amsterdam/Philadelphia: Benjamins. 123-134.
- Steyn, J.E.T. 2013. 'n Direkte vertaling versus 'n abbavertaling met verwysing na kulturele oordrag. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Toledano Buendía, C. 2013. Listening To the Voice of the Translator: A Description of Translator's Notes As Paratextual Elements. *Translation & Interpreting* 5(2):149-162.

WOORDEBOEKE EN FIKSIE

Bakkes, C. 2008. *In Bushveld and Desert: A Game Ranger's Life*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Beukes, A.-M. / Pienaar, A.-M. (reds.). 2010. *Veeltalige Vertaalterminologie. Multilingual Translation Terminology*. Pretoria: Van Schaik.

Deslisle, J., Lee-Jahnke, H. & Cormier, M.C. (reds.). 1999. *Translation Terminology*. Amsterdam/Philadelphia: Benjamins.

Shuttleworth, M. & Cowie, M. 1997. *Dictionary of Translation Studies*. Manchester: St Jerome.

Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 1989. *Ancestral Voices*. Londen & New York: Penguin.

Van Heerden, E. 1990. *Le Domaine de Toorberg*. Parys: Stock.

Van Heerden, E. 2005. *Un Long Silence*. Parys: Phébus.

Von Meck, A. 2009. *My Name is Vaselinetjie*. Kaapstad: Tafelberg.

Winterbach, I. 2007. *To Hell With Cronjé*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Winterbach, I. 2010. *To Hell With Cronjé*. New York: Open Letter.